



Genoeg Gehad Van Kerk Speel?

Wayne Jacobsen en Dave Coleman

Emoyeni Uitgewers
Ladysmith Suid-Afrika

Hoofstuk 1

'n Klip begin rol

Hy is beslis die laaste persoon wat ek wil sien. My dag is alreeds erg genoeg en ek is seker dit het die potensiaal om te ontspoor. Maar daar is hy. Hy het 'n paar sekondes vantevore by die kafeteriadeur ingeloer, voor hy 'n glasië vrugtesap gaan drink het. My eerste reaksie is om onder die tafel in te duik, maar ek besef dit is te laat. Ek kyk af en probeer my gesig met my hande bedek. Tussen my vingers deur kan ek sien hoe hy in die vertrek rondkyk terwyl hy teen die toonbank leun en sy vrugtesap drink. Toe hy besef hy is nie alleen in die vertrek nie, kyk hy weer in my rigting. Met 'n verbaasde uitdrukking kom hy na my kant toe. Van al die donker nagte, waarom hier? Waarom nou?

Daardie dag was verreweg die moeilikste in 'n lang, aanhoudende worsteling. Vanaf drie-uur die middag, toe die asma se wurggreep op Andrea begin het, was ons twaalfjarige in 'n stryd om haar lewe. Ons het met haar hospitaal toe gejaag terwyl ons moes toesien hoe sy vir elke druppeltjie suurstof veg. Daarna kon ons net toekyk hoe die dokters en verpleegsters die stryd teen die asma oorneem.

Ek erken eerlik dat ek hierdie ding nie goed hanteer nie, alhoewel dit teen hierdie tyd makliker moes gaan met al die oefening wat ek gehad het. Dit het my woedend gemaak om haar so te sien ly. Dit het ook nie saak gemaak hoe baie ons vir haar gebid het, of hoeveel mense vir haar gebid het nie, die asma het net erger geword.

'n Paar uur vantevore het die medisyne begin werk en het sy makliker begin asemhaal. My vrou is huis toe om 'n paar ure te slaap. Andrea het uiteindelik aan die slaap geraak en dis hoe ek by die kafeteria uitgekom het. Ek was te opgewerk om te kon slaap.

Dankbaar om die plek verlate te vind, het ek 'n koppie koffie geskink en in 'n donker hoekie neergesak. Die woede in my het my denke oorheers. Wat het ek verkeerd gedoen dat my dogtertjie so moes ly? Waarom ignoreer God my desperate pleidooie om haar gesond te maak? Ander ouers kla oor hulle taxi moet speel vir hulle kinders. Ek was nie eens seker of Andrea haar volgende asma-aanval sou oorleef nie.

lewers te midde van my woedebui het hy sy neus in my private heiligdom kom indruk. Hy was besig om nader te kom en ek het die begeerte onderdruk om hom op sy neus te slaan as hy sy mond sou oopmaak. Diep binne my het ek geweet dat ek dit nie sou doen nie. Ek was onstuimig aan die binnekant, nie aan die buitekant waar mense dit dalk kon sien nie.

Ek het nog nooit 'n meer frustrerende persoon as John ontmoet nie. Met ons eerste ontmoeting was ek so opgewonde. Om die waarheid te se het ek nog nooit iemand met soveel wysheid teëgekom nie. Maar hy het my nog net verdriet gebring. Sedert hy deel geword het van my lewe, het ek my droomwerk verloor en is ek deur die kerk afgesny – die kerk wat ek vyftien jaar gelede help plant het. Selfs my huweliksbootjie het rowwer waters beleef as wat ek ooit kon droom.

Om my frustrasie te verstaan, moet ons teruggaan na die dag toe ek John vir die eerste keer ontmoet het. Hoewel ons ontmoeting ongelooflik was, vergelyk dit glad nie met dit wat ons tot nou toe moes deurmaak nie.

Ek en my vrou het ons sewentiende huweliksherenking gevier met 'n uitstappie van drie dae na Pismostrand aan die Sentrale Kaliforniese kus. Die Saterdag, oppad huis toe, het ons in San Luis Obispo gestop en iets geëet en inkopies gedoen. Die nuwe lewe wat in die onderdorp ingeblaas is, het dit 'n kopersparadys gemaak, en op hierdie sonnige dag in April was die strate stampvol. Na middagete het ons elkeen ons eie paadjie geloop – ek is

mal oor boeke en my vrou oor klere en geskenkwinkeltjies. Ek was gouer uitgekuier as sy, en so, gewapen met 'n heerlike sjokoladeroomys, het ek myself op 'n muurtjie tuisgemaak en vir haar gewag.

Die warm argument op die sypaadjie voor een van die winkels, het my aandag getrek. Vier studente en twee middeljarige mans het blou voubiljette op die verbygangers probeer afdwing. Ek het die biljette al vroeër opgemerk - party onder die motors se ruitveërs ingedruk, ander in die afleivore ingetrap. Dit was uitnodigings na 'n toneelstuk oor die hel se vure wat deur een van die plaaslike kerke aangebied word.

“Wie het nou lus vir so 'n tweederangse uitvoering ...”

“Ek sit nooit weer my voete in 'n kerk nie ...!”

“Die enigste ding wat die kerk my ooit geleer het, was om skuldig te voel!”

“Gesien, gedoen en het die littekens om te wys. Gaan nie weer terug nie ...!”

Ek begin onmiddellik luister. Dit voel asof nie een van hulle ooit 'n kans kry om sy sin te voltooi voordat hy in die rede geval word nie. Dit is asof hulle wil bars van die emosionele druk wat soos gif uitspuit.

“Waar kom hierdie arrogante luise vandaan om te dink dat hulle die reg het om my te veroordeel en ... ?”

“Ek wil graag weet wat Jesus oor die kerke van vandag sou se ...!”

“Ek dink nie Hy sou ingaan nie, Hy ...”

“In elk geval, as Hy sou ingaan, sou Hy tien teen een aan die slaap geraak het!”

Die aanmerking is in 'n luidkeelse gelag verdrink.

“Dalk sou Hy Homself doodgelag het ...!”

“Of dalk doodgehuil het.” Almal bly vir 'n sekonde stil.

“Dink jy Hy sou 'n pak klere gedra het met 'n ... ?”

“Ja, om die sweep weg te steek wat Hy wil insmokkel om bietjie huis skoon te maak.”

Die groeiende geraas trek gou die omstanders se aandag. Hulle kom stadig tot stilstand soos wat hulle onwillekeurig in die argument ingesuig word. Sommige wat deur die passie getref is en deur die aanval op iets so heilig soos godsdiens geboei is, val soos honger hondjies om ’n bak in. Ander staan daar rond om te luister en party vra my wat aangaan.

’n Volbloed argument is besig om te ontwikkel terwyl party van die omstanders die siniese anti-kerklikes aanvat. Aantygings word oor en weer geslinger. Ek het die meeste al voorheen gehoor – klagtes oor buitensporige duur fasiliteite, skynheiliges, vervelige preke, die gedurige gebedel vir geld en vergadering-voosheid. Diegene wat besig is om die kerk te verdedig, moet sommige van die swakhede erken, maar probeer dapper om die vele goeie dinge wat die kerk doen, uit te wys.

Dis toe wat ek hom sien. Hy kan enigiets tussen laat dertigs en vroeë vyftigs wees. Dit is moeilik om te skat. Hy is kort; sy donker krullerige hare en onversorgde baard vol grys strepe. Sy uitgewasde groen sweetpaktop, jeans en drafskoene laat my wonder of hy ’n verdwaalde hippie uit die sestigerjare is. Al verskil is, hy skuifel nie doelloos rond nie.

Om die waarheid te se, dit is sy doelgerigte manier van loop wat eerste my aandag getrek het. Hy is vasbeslote besig om in die argument in te stap. Sy gesig soos die van ’n Duitse herdershond wat ’n onbekende geluid in die nag gehoor het. Dit is asof hy aan die kant van die skare induik en toe in die middel te voorskyn kom om die voorpraters beter te kan sien. Toe sy oe myne ontmoet, is ek onverwags verras deur hulle intensiteit. Diep en lewendig! Ek is vasgevang. Dit lyk asof hy iets weet wat niemand anders weet nie.

Nou het die argument begin lelik word. Die wat die kerk aanval,

het hulle gif teen Jesus gedraai en Hom as 'n bedrieër begin uitmaak. Dit maak die kerkgangers natuurlik woedend. "Wag maar tot julle in sy oë moet kyk terwyl julle in die hel insink!" is die teenvoeter. Net toe ek dink die poppe gaan nou begin dans, rol die vreemdeling sy vraag tussen die kapokhaantjies in.

"Julle ken Hom nie regtig soos Hy is nie, nie waar nie?"

Die woorde wat soos 'n sagte briesie van die man se tong afrol, is in skrilte kontras met die orkaan-sterkte argument wat besig is om hand uit te ruk. Sy stemtoon is so sag dat dit vir my voel of ek eerder sy lippe lees as om die woorde te hoor. Tog is die impak op die skare verstommend. Die geraas bedaar en maak plek vir verwarde gesigte.

Ek kan nie help om onderlangs te glimlag nie, want niemand neem enige notisie van die man wat die vraag gevra het nie. Hy is so kort dat dit maklik is om hom mis te kyk. Ek hou hom egter van die begin af dop en is totaal gefassineer deur sy manier van dinge doen.

Terwyl die mense stom rondkyk, kom daar nog 'n vraag. "Het julle enige idee hoe Hy was?"

Toe hulle agterkom wie praat, draai alle oë verbaas na hom.

"En wat weet jy daarvan, ou toppie?" kom die vraag, druipend van sarkasme, van een van die wysneuse. Hy word egter stilgekyk deur die afkeurende blikke van die omstanders. Hy lag ongemaklik en kyk verleë weg, dankbaar dat die oë na die vreemdeling terugkeer. Die man is egter glad nie haastig om te praat nie. Die stilte groei tot verby die perke van ongemak. Niemand praat nie, niemand loop weg nie. Die man se oë gaan stadig deur die skare en sy blik soek elkeen afsonderlik uit. Toe sy oë myne ontmoet, smelt alles binne my. Ek kyk vinnig weg.

Na 'n ewigheid begin hy praat. Sy eerste fluisterwoorde is gerig aan die man wat die ander met die hel gedreig het. "Jy het regtig geen idee wat jou motiveer nie, het jy?" Sy stem is vol hartseer,

maar sy woorde klink soos 'n uitnodiging. Daar is geen teken van woede nie. Die man gooi sy hande verleë in die lug en trek sy mond asof hy nie die vraag verstaan nie.

Die vreemdeling kyk sonder haas oor die groep mense en toe begin sy woorde saggies vloei. "Hy was nie juis iets vir die oog nie. Hy sou vandag in hierdie straat kon afloop sonder dat iemand hom opmerk. Om die waarheid te se, Hy het die tipe gesig gehad wat 'n mens wou laat wegkyk. Hy sou nie by julle klomp gepas het nie."

"'n Meer saggeaarde mens sou niemand ooit kon vind nie.

Maar Hy kon 'n klomp oproeriges stilmaak sonder om sy stem te verhef. Hy het nooit sy pad oopgeboelie nie; nooit die aandag op Hom probeer vestig nie en ook nooit probeer voorgee dat Hy dit wat Hom dwars in die krop steek, aanvaarbaar vind nie. Hy was opreg tot in sy diepste binneste.

"Die kern van sy lewe was liefde." Die vreemdeling bly stil en skud sy kop. "Wow! En hoe het Hy nie liefgehad nie!" Hy kyk ver oor die omstanders asof hy oor ruimte en tyd kan sien. "Ons het nooit eens geweet wat liefde is voor ons dit in Hom gesien het nie. Almal kon dit sien, selfs die wat Hom gehaat het. Hy het net aanhou omgee vir hulle, met die hoop dat hulle 'n manier sou vind om uit hulle eie verwronge siele te kom en die een te herken wat tussen hulle staan.

"En te midde van al daardie liefde was Hy heeltemal eerlik.

Maar selfs toe sy dade en woorde mense se donkerste motiewe blootgelê het, was hulle sonder skuldgevoelens. By Hom het hulle veilig gevoel, regtig veilig. Sy woorde was sonder 'n sweempie oordeel; bloot 'n uitnodiging om na God terug te keer. Dit was asof 'n mens onmiddellik jou diepste geheime met Hom wou deel. As iemand jou in jou sondigste oomblik moes uitvang, dan sou jy verkies dat dit Hy moes wees.

"Hy het nie betrokke geraak in sinnelose argumente oor godsdiens

of om mense te verkleineer nie.” Hy kyk vlugtig na die wat daaraan skuldig is. “As Hy iets gehad het om vir hulle te se, het Hy dit gedoen en dan aanbeweeg en jou met die wete gelos dat jy liefde ondervind het soos niemand jou nog ooit liefgehad het nie.” Toe bly die man stil, sy oë en mond styf toegeknyp, asof hy die trane wat dreig om hom op te los, probeer doodsmoor.

“Ek praat ook nie nou van goedkoop sentimentaliteit nie. Hy het liefgehad, werklik liefgehad. Dit het nie saak gemaak of jy ’n Fariseer of prostituut, dissipel of blinde bedelaar, Jood, Samaritaan of ongelowige is nie. Sy liefde is aangebied vir enige iemand wat dit wou omhels. Die meeste het ook, die oomblik wat hulle Hom gesien het. Alhoewel min Hom gevolg het, kon hulle nooit die krag en varsheid ontken wat hulle in die paar oomblikke wat Hy deur hulle lewens beweeg het, geproe het nie; selfs nie jare daarna nie. Op ’n manier het dit gelyk asof Hy hulle donkerste self geken het, maar ten spyte daarvan was sy liefde vir hulle net so diep.”

Hy is vir ’n oomblik stil terwyl sy oë oor die skare beweeg wat oor die laaste paar minute met meer as dertig aangegroei het. Hulle staan daar, sprakeloos. Hulle oë vasgenaël op die man, hulle monde oop van verbasing. Ek kan maklik sy woorde herhaal, maar ek het nie die woordeskat om die impak van dit wat hy gesê het, te beskryf nie. Niemand binne hoorafstand kan die krag of geloofwaardigheid van sy woorde ontken nie. Daardie woorde het uit die diepte van sy siel gekom.

“En toe Hy daar aan die smerige kruis gehang het, is sy liefde nog steeds grensloos uitgestort op spotter sowel as ontnugterde vriend,” se hy terwyl hy ver oor die boomtoppe kyk. “Terwyl Hy aanbeweeg het na die donker doodskamer toe, met ’n gevoel van totale verwydering van sy Vader, voos gemartel, het Hy bly drink uit die beker wat op die ou einde ons eiesinnigheid en skande sou verteer. In die hele menslike geskiedenis was daar geen gebeurtenis

wat dit sou oortref nie. Sy nood sou die kanaal word waardeur Hy sy lewe met ons kon deel. Hierdie mens was nie 'n waansinnige nie. Hy was God se Seun, uitgegiet tot met sy laaste asemteug, om vir my en jou die pad te baan sodat ons vrye toegang tot sy Vader kan hê.”

Die intimiteit van sy woorde het my getref. Hy praat soos iemand wat saam met Jesus was. Om die waarheid te se, dink ek,

“Dis presies soos ek die dissipel Johannes sou voorstel.”

Die gedagte het skaars deur my brein geflits, of die man hou in die helfte van sy sin op praat. Hy draai om en dit is asof hy iemand tussen die mense soek, en my skielik kry. My nekhare spring orent en dit is asof 'n elektriese stroom deur my lyf ruk.

Sy oë is vir 'n sekonde op my gefokus en hy glimlag effens vir my en knik.

Wel, dis soos ek dit onthou. Op daardie oomblik was ek heel geskok. Weet die man wat ek dink? Maar dit is ondenkbaar. Selfs al was hy Johannes, maak dit nie van hom 'n gedagteleser nie. Wat gaan in my kop aan? Hoe kan hy 'n tweeduisend jaar oue dissipel wees? Dit is net nie moontlik nie.

Hy draai weer om en ek kyk om om te sien of hy nie dalk vir iemand anders kyk nie. Dit lyk nie so nie, om die waarheid te se, dit lyk nie asof enige iemand anders sy glimlag en knipoog opmerk nie. Ek is uit die veld geslaan, so asof ek deur 'n rebelse rugbybal getref is. Vrae vloei soos 'n elektriese stroom deur my brein. Ek moet meer oor hierdie vreemdeling te wete kom.

Die skare word steeds meer. Die vreemdeling lyk merkbaar ongemaklik oor die ongewone aandag wat hy trek.

“As ek julle was,” se hy met 'n knipoog en 'n glimlag aan die wat die argument begin het, “dan sal ek baie minder tyd mors met waardelose bespiegeling oor godsdienste en probeer uitvind hoe graag Jesus jou vriend wil wees – sonder enige verborge agenda. Hy sal vir jou omgee en as jy Hom 'n halwe kans wil gee, sal Hy

vir jou werkliker word as jou beste vriend; en jy sal Hom liever hê as enigiets anders. Hy sal vir jou 'n doelgerigtheid en volheid van lewe gee wat jou deur enige stres en pyn sal dra. Dit sal jou van binne af buite toe verander en jou wys wat ware vreugde en vryheid is." En met daardie woorde beweeg hy deur die skare, weg van my af. Vir 'n paar oomblikke beweeg of praat niemand nie. Skielik is hulle nie seker hoe om die konfrontasie te beëindig en uitmekaar te gaan nie.

Ek probeer vinnig deur die skare beweeg sodat ek self met die man kan praat. Kan hy rêrig Johannes wees? As hy nie is nie, wie is hy dan? Hoe het hy al die intieme kennis van Jesus bekom? Dit is moeilik om deur die skare te beur en nog my oog op "Johannes" te hou. Toe ek eindelijk deur is, verdwyn hy tussen twee geboue. Hy is op pad na Bubble Gum Alley, 'n twintig meter lange muur wat die koopsentrum met die parkeerarea verbind. Die naam het gekom van die duisende koutjies wat oor die jare daar vasgeplak is. Die kleurespel, alhoewel indrukwekkend, is 'n bietjie grillerig.

Hy is omtrent so sewe meter voor my toe hy uit my gesigsveld verdwyn. Ek is verlig om te weet dat ek ten minste 'n kans sal kry om met hom te gesels, want niemand anders volg hom nie. Vol verwagting kom ek om die hoek, gereed om na hom te roep, maar ek kom voor 'n lee deurgang tot stilstand.

Daar is niemand nie. Ek draai verward om. Het hy regtig daar ingedraai? Ek het albei strate gefynkam, maar niemand gesien wat so 'n verbleikte sweetpaktop aan het soos hy nie. Nee, hy het nie daar ingedraai nie. Daarvan is ek doodseker, maar ek is net so seker van die feit dat hy nie die twintig meter sou kon aflê in die drie sekondes wat dit my geneem het om tot by die uitgang te kom nie.

My hart klop wild by die gedagte dat ek hom dalk gemis het. Paniekerig hardloop ek in die gangetjie af, verby die vasgeplakte

koutjies. Die muur is solied, geen ingange of deure nie. Ek storm by die parkeerterrein in en kyk alles vinnig deur. Daar is niemand nie. 'n Paar mense is besig om in of uit hulle motors te klim, maar van die vreemdeling is daar geen teken nie.

Totaal verward hardloop ek vinnig terug deur die gangetjie tot in die straat en soek mooi vir die verbleikte sweetpaktop, biddend dat ek hom sal sien. Ek kyk by winkels in, bekyk die verbygaande motors, maar tevergeefs. Hy is weg. Ek is lus en skop myself oor my stadige reaksies.

Uiteindelik sak ek op 'n bankie neer, effens gedisoriënteerd deur die hele episode. My gedagtes flits deur my brein. Wie is hy? En wat het van hom geword? Sy woorde het die diepste honger in my hart aangewakker; en die gedagte aan sy knipoog vir my, gee my nog steeds koue rillings.

Met sekerheid weet ek dat ek hom nooit weer gaan sien nie, en dat ek die oggend moet afskryf as een van daardie onverklaarbare gebeurtenisse in die lewe wat hoegenaamd geen sin maak nie. Min het ek geweet dat ek my eie gedagtes moes sluk!

HOOFSTUK 6

Liefdevolle Vader of goeie fee?

Amper twee maande het verbygegaan sedert ek John laas gesien het, maar dit het soos 'n leeftyd gevoel. Die gemeentevergadering wat gevolg het was sonder twyfel my Waterloo. My hoop dat my vriend, pastoor, baas tot sy sinne sou kom en met die waarheid uitkom voor, of selfs na die vergadering is verydel. Hy het die ongemaklike troos van 'n leuen bo ons vriendskap verkies. Ek was geskok.

Voor die vergadering begin het, het hy aan my die ultimatum gestel – ek moes sy storie beaam of ander werk soek. Ek moet se, ek het dit amper gedoen, maar op die ou end het die waarheid tog gewen. Ek kon dit net nie regkry om vir hom te lieg nie.

Ongelukkig moet ek bysê dat ek die waarheid so skeef gehou het as wat ek kon, deur te se ek het gedink hy het sy toestemming vir die konsert gegee, maar dat ek hom dalk verkeerd verstaan het. Sy verpletterende kyk het my goed laat verstaan dat ek die toets gedop het. Hy het my die volgende oggend aangetree, my beskuldig dat ek ons vriendskap verraaï het en aangedring op my bedanking voor die einde van die dag. My bedanking was in sy hande nog voor hy die volgende asemteug kon skeep. Ek het dit in my notaboek rondgedra.

“Ek is so teleurgesteld in jou,” het hy gesê sonder om oogkontak te maak. “Jy het soveel belofte getoon, en nou het jy alles weggegooi! En waarvoor?” Hy het gesê dat hy sal seker maak dat ek salaris ontvang tot die einde van die maand, maar dat hy ook sal seker maak dat hy my uitwis indien ek ooit 'n woord oor hom sou rep in die dorp. Toe ek aanstalties maak om te loop, was dit asof hy 'n bietjie versag. “Ten spyte van alles, sal ons nooit jou

bydraes in die kerkbou vergeet nie en ek hoop jy sal aanhou kerk toe kom om die genesing te kry wat jy nodig het.”

Ek het net stom geknik. Ek kon nie sy blatantheid glo nie.

Wie word ooit genees by die ongelukstoneel? Daarvoor het 'n mens sekerlik 'n hospitaal of ten minste 'n dokter nodig. Toe ons familie nie die Sondag by die diens was nie, het Jim glo my bedankingsbrief geles en 'n lang relaas gehad oor die uitstaande karakter wat van mense in die bediening verlang word. Hy het die gemeente vertel hoe ek gelieg het om hom in onguns te bring met die oog daarop om sy posisie oor te neem. Krake in 'n mens se karakter, het hy bygevoeg, kom altyd in 'n krisis te voorskyn. Ek was geskok toe ek besef dat hy sy sonde my aanklag gemaak het. 'n Paar vriende het gebel om my te ondersteun en gesê hulle gaan ook die kerk verlaat, maar die meeste het ons afgeskryf. In die daaropvolgende dae, het ek telkens tien dode gesterf as mense hulle rûe op my gedraai het asof hulle my nie sien nie. Ek en Laurie het 'n paar ander kerke bygewoon omdat ons gevoel het ons moet, maar ons harte was nie daarin nie. Ons het geweet wat agter die rookskerms aangaan. Ek het totaal verlore gevoel. Sommige wat die kerk in simpatie met ons verlaat het, het gehoop ons gaan 'n nuwe kerk begin, maar ek het nie daarvoor kans gesien nie. Hoe verder die tyd aangeloop het, hoe dunner het die vriendskappe geword.

Om weer my voete in die eiendomsmark te vind, was ook nie maklik nie. Die eiendomsmark was laag en oral was daar meer personeel as werk. Ek het toe maar probeer om weer my eie besigheid op die been te bring, maar my ou kontakte het lankal ander verteenwoordigers gevind. Dinge het nie goed gelyk nie.

Met min vriende, geen meetbare inkomste nie en 'n hopelose toekoms, het ek gedink ek het die laaste strooi bereik. Dit was voor Laurie my gebel het om te se ons dogter het 'n asma-aanval by die skool gehad en hulle het met haar hospitaal toe gejaag.

My woede breek in al sy glorie uit terwyl ek op pad is hospitaal toe. Na alles wat ek vir God gedoen het, is die minste wat Hy kan doen om na my familie om te sien! Ek kook van binne. Aangesien ek nie langer 'n mediese fonds het nie, weet ek nie hoe ek die hospitaaloonkoste gaan betaal nie.

Dis dan seker verstaanbaar dat ek wil weghardloop toe ek John by die kafeteria sien instap. Dit gaan op hierdie oomblik beter met Andrea, maar ek is so kwaad, ek wil niks met God te doen hê nie. Wat het ek gedoen wat so verkeerd is dat my dogter so moet ly?

Ek is in die kafeteria om my koppie koffie in vrede te drink, dalk 'n koerant te lees en nie te dink aan alles wat soos 'n swaard bo my kop hang nie. En toe kom steek John ewe ongeskik sy kop in my privaat heiligdom in. Ek hou hom dop terwyl hy nader beweeg en my eerlike gevoel is om hom 'n hou op sy snoet te gee, as hy dit gaan waag om dit oop te maak. Maar ek weet ek sal nie. Ek is net onstuimig aan die binnekant, nie aan die buitekant waar almal dit kan sien nie. My liggaamstaal maan hom om nie nader te kom nie, maar hy ignoreer dit. Hy kom staan by die lee stoel en se: "Gee jy om as ek jou geselskap hou."

Natuurlik gee ek om! Gee net pad! Elke keer wat ek jou gesien het, het jy net moeilikheid gebring! Maar my 'nice' filter redigeer my gedagtes, en al wat by my mond uitkom is: "Ek sou dit verkies om alleen te wees."

Hy kyk verras na my, skuif die stoel stadig terug en se saggies: "Als reg, Jakkie. Ons kan 'n ander keer gesels." Ek kyk met 'n verergde sug op terwyl hy om die tafel loop en sy hand op my skouer sit. Hy gee my 'n drukkie en se: "Ek wil net hê jy moet weet hoe jammer ek is oor alles waardeur jy op die oomblik gaan. Ek gee regtig vir jou om." Nog 'n drukkie en hy is daar weg.

Ek gluur na sy rug terwyl hy wegstap. 'n Groot stryd is besig om in my binneste te woed. Alles in my wil hom eintlik verwurg

voor hy nog 'n woord se, maar 'n klein stemmetjie por my aan om tog te hoor wat hy sal se oor die gemors waarin ek myself bevind. As hy eers by die deur uit is, weet ek nie wanneer ek hom ooit weer gaan sien nie. Toe hy die deur oopmaak, hoor ek myself roep: "John! Wag!"

Hy draai om en hou die deur met sy rug oop. "Ek is jammer ek was so ongeskik. Ons kan gesels as jy wil."

"Is jy seker, Jake? Soms is dit beter as 'n mens alleen is in 'n tyd soos hierdie."

"Ek is moeg om alleen te wees ..."

My woorde word ingesluk deur 'n onbeheersde snik van pyn uit my binneste. Ek kan nie 'n woord verder uitkry nie. Rou snikke en trane borrel uit die onbeskryflike fontein van pyn. John kom nader en ek voel half simpel en verleë. Ek het nog nooit gehuil nie, nie eens in die vreeslikste oomblikke in my lewe nie. Ek kan nie ophou nie. John sit sy hande op my skouers.

"Als reg," se hy terwyl hy my skouers masseer. "Jy gaan okei wees." Dit klink asof hy onderlangs bid, maar my pyn is so oorweldigend dat ek hom nie tussen die snikke deur kan verstaan nie. Waar kom dit vandaan? Dit is seker vyf minute voor ek weer beheer oor my emosies kry, maar dit voel soos twintig. Elke nou en dan breek daar 'n gedempte: "Ek is jammer," deur, maar hy bly my verseker alles is reg en dat hy nie haastig is nie. Ek was nog nooit op my gemak met onbeheerste emosie nie, veral nie as dit myne is nie, maar John is onverstoord. Hy is doodstil tot die pyn uitgewoed het.

Na die storm kom sit hy langs my. Ek probeer nie eens om my woede teenoor hom weg te steek nie. Hoe kan God al hierdie verskriklike dinge met my laat gebeur? En dit terwyl ek aan sy kant veg. En om my arme dogtertjie deur al hierdie pyn te laat gaan ... en ek weet nie eens hoe ek daarvoor gaan betaal nie. Ek het God gesmeek om haar gesond te maak, om vir my familie te voorsien

en om my eertydse vriend terug te betaal vir al die seer wat hy in my lewe veroorsaak het. Die laaste gebed weet ek was 'n bietjie riskant, maar Dawid het tog self so gebed in die Psalms. "Ek wil hê jy moet weet ek is die kwaadste vir jou! Vandat jy in my lewe ingewals het, het my hele gemaklike wêreldjie in my gesig opgeblaas. Ek was nog nooit meer gefrustreerd met my geestelike lewe of verder verwyderd van die kerk as nou nie. En nou het ek ook nie meer 'n inkomste nie! Dis wat jou 'wonderlike lewe in Christus' vir *my* beteken het!"

John ignoreer die lokaas en sit my net en beskou met sy deurdringende oë, wat my in San Luis eerste opgeval het. Ek wil hê hy moet so kwaad wees soos ek. Dat hy homself moet verdedig. Hy is doodstil. Toe laat sak hy sy kop in sy hande en sug. "Jake, ek weet dis nie nou maklik nie. Hierdie tye is nooit maklik nie. Probeer net onthou, jy is in die middel van die storie, nie die einde nie."

"Nou wat is dit veronderstel om te beteken?"

"Luister, Jake, God is besig om iets in jou te doen. Hy is besig om die diepste gebede wat jy nog ooit gebed het te beantwoord. Ja, die proses het die ongelooflikste pyn in jou veroorsaak, maar *Hy het jou nie verlaat nie*. Nooit! Hy het jou nog net so stewig in sy greep soos altyd."